



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 3

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 2: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalinge van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronnemateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gebruik te maak as deel van die onderwys hulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die storie en beantwoord die vrae.



Dit is Linda se eerste dag by haar nuwe skool. Sy is baie opgewonde. Sy voel ook 'n bietjie bang. Al die leerders sit in die saal en luister hoe die skoolhoof die nuwe leerders verwelkom. Gelukkig is Linda se beste maat, Pinkie, ook 'n nuwe leerder. Toe die leerders na hulle klasse verdaag, moet die nuwe leerders agterbly. Die onderwyser neem die nuwe leerders na hulle klas en wys hulle waar om te sit.

Linda sit langs Pinkie. Hulle kom van dieselfde dorpie af. Dit laat Linda ontspaan. Daar is baie prente en muurkaarte teen die muur. Pinkie se hondjie, Kollie, het haar skool toe gevolg. Pinkie probeer haar bes om hom weg te steek. Dit maak Linda bang, want netnou sien die juffrou die hondjie en stuur dan vir Pinkie en haar hond huis toe. Die seuns geniet dit om met Kollie te speel. Hulle roep na Kollie. Pinkie kan nie langer haar hondjie wegsteek nie. Pinkie se onderwyser sien hom!

Aangesien dit die eerste dag van skool is, besluit die juffrou om nie te kwaai te wees nie. Sy roep vir Pinkie vorentoe om vir die klas van Kollie te vertel, waar sy hom gekry het en hoe sy vir hom sorg. Pinkie is lief vir haar troeteldier en geniet dit om oor hom te gesels. Linda voel bly. Sy is nou nie meer bang nie, want sy kan sien sy het 'n gawe juffrou.

1.1 **Wat het gebeur toe die seuns met Kollé begin speel het?**

.....

1.2 **Voltooi die volgende sin.**

Pinkie se juffrou het haar vorentoe geroep en

.....

1.3 **Kollé was saam met Pinkie by die skool. Pinkie was baie bekommerd omdat hy saam met haar by die skool was.**

Hoe het dit gebeur dat hy saam met haar skool toe gegaan het?

.....

1.4 **Wat sou jy gedoen het as jy die juffrou was?**

.....

.....

1.5 **Wat behoort Pinkie in die toekoms te doen om seker te maak dat Kollé nie weer skool toe kom nie?**

.....

.....

2. Kyk na die prentjie hieronder en beantwoord dan die vrae.

Datum:	Woensdag 30 Mei 2012
Tyd:	Gedurende pouse
Plek:	Skoolsaal



Koekverkoop
Ten bate van Vigs-wesies

2.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat noem ons iemand wat koeke bak?

- A Polisieman
- B Onderwyser
- C Slagter
- D Bakker

2.2 Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul.

Die koekverkoop sal op 'n (Maandag/Woensdag/Donderdag/Vrydag) plaasvind.

2.3 **Omkring die korrekte woorde.**

Wanneer gaan die leerders koek verkoop?
(voor skool/na skool/gedurende pouse/gedurende die Kunsperiode)?

2.4 **Onderstreep die mees gepaste antwoord.**

(Geld/Skoene/Komberse/Kos) word vir die Vigs-wesies ingesamel.

2.5 **Trek 'n kruis deur die verkeerde woorde.**

Ons gebruik om 'n koek te bak.

- A gom
- B eiers
- C sand
- D verf

3. **Lees die rympie en beantwoord dan die vrae.**

Rik-rak koekies bak.

Bring die meel, nie te veel

Klits die eiers gou-gou.

Lekker eet ons net-nou



3.1 **Kyk na die prentjie. Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die antwoord.**

Vir wie het die bakker die koek gebak?

- A homself
- B sy suster
- C boetie en sussie
- D mamma en pappa

3.2 **Voltooi die sin.**

Ek bak 'n koek in 'n

3.3 **Kies en omkring die korrekte antwoord.**

Voordat ek die koek in die oond sit, moet ek eers die oond

- A die vloer was.
- B die klere was
- C die oond aanskakel.
- D die oond afskakel.

3.4 **Onderstreep die korrekte antwoord vir die vraag.**

Wat het die bakker in die koek gegooi?
(bakpoeier/meel/olie/sout).

3.5 **Beantwoord die vraag in jou eie woorde.**

Waarom sal 'n koek nie rys nie?

.....

4. **Lees die grappie en beantwoord dan die vrae.**

'n Ma stap in haar seun se kamer in en roep vrolik: "Komaan, opstaan. Dit is tyd om skool toe te gaan!"

Die seun antwoord: "Ek wil nie skool toe gaan nie."

"Jy moet gaan," sê die ma.

"Ek haat daardie skool. Die kinders is wreed en ongemanierd."

"Jy moet nog steeds skool toe gaan," roep die ma uit.

"Dis soos 'n oerwoud. Die een bakleiery na 'n ander. Hulle dreig my ten minste 100 keer op 'n dag!" huil die seun.

"Jy moet skool toe gaan!!!"

"Waarom moet ek gaan?" pleit die seun.

4.1 **Skryf twee woorde neer wat vir jou moeilik is om te lees.**

.....

4.2 **Wat beteken die woorde hieronder?**

ongemanierd

pleit

4.3 **Soek twee woorde in die grappie wat uit tweeklanke bestaan. Skryf die woorde neer.**

.....

.....

4.4 **Vind 'n woord in die grappie wat dieselfde beteken as**

opgewek

prinsipaal

4.5 **Lees die grappie en beantwoord die vraag in 'n volsin.**

Waarom moes die seun skool toe gaan?

.....

5.1 **Kies die korrekte woord. Skryf die woord in die spasio neer.**

5.1.1 Die seun staan en regop in die ry. (vier, fier)


5.1.2 Hy is gekies as 'n by die skool. (lyer, leier)

5.2 **Omkring die regte woord.**

'n Persoon wat 'n boek skryf, noem ons 'n

- A uoteur
- B outeur
- C outuer
- D outeer

5.3 **Onderstreep die korrekte woorde.**



reis/rys



eis/ys

5.4 **Kyk na die prentjies en voltooi die woord deur een van die volgende moontlikhede te kies. (ff v f vv)**



ko....ie



dol....yn

5.5 **Gebruik die bostaande woorde en skryf 'n betekenisvolle sin met elke woord.**

.....
.....

6.1 **Kies die korrekte woord. Omkring die letter met die regte antwoord.**

Watter woord is korrek gespel?

- A warem
- B kettel
- C agtir
- D skelm

6.2 **Omkring die letter van die regte woord.**

Pappa maak die motor vol ... wanneer ons met vakansie gaan.

- A petrel
- B petroll
- C petrol
- D petra

6.3 **Onderstreep die regte antwoord.**

Watter van die volgende woorde rym met ster?

blêr/stert/tert/merk

7.1 **Kies die regte woord:**

Ek eet graag oor my roomys.

- A vlaa
- B vlae
- C vla
- D fla

7.2 **Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die regte antwoord.**

Ek steek die aan om vleis te braai.

- A vier
- B fier
- C fuur
- D vuur

7.3 **Lees die sin en onderstreep die regte woord.**

Ek (eis/ys) om te dink wat kon gebeur het.

7.4 **Kyk na die prentjie en kies die regte woord.**



Gister het ek op my gery. (viets/fiets)

7.5 **Maak 'n goeie sin met die volgende woord.**

pos

.....

8.1 **Skryf die woorde oor in lopende skrif.**

kat

vet

8.2 **Onderstreep die regte woord.**

Mamma koop vir ons (kleure/klere) op uitverkoop.

8.3 **Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif.**

Ek wil winkel toe gaan om lekkers te koop.

.....

.....

8.4 **Vul die ontbrekende woord in in lopende skrif.**

Die seun en die wil graag

skool toe

8.5 **Omkring die regte woord en skryf dit oor in lopende skrif.**

Ek (wil/wou) dorp toe gegaan het.

9.1 **Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif.**

Gister is ons na die dieretuin toe.

.....

9.2 **Voltooi die ontbrekende alfabet letters in lopende skrif. Gebruik hoofletters.**

x y z

9.3 **Pas die lopende skrif letters by die gedrukte letters.**

Kolom A	Kolom B
9.3.1 E	A. E
9.3.2 G	B. G

9.4 **Skryf die onderstaande woorde oor in lopende skrif. Maak van hoofletters gebruik waar nodig.**

kloue

Port Elizabeth

9.5 **Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif. Gebruik blanko papier.**

Ons het vyf apies en twee leus by die dieretuin gesien.

10.1 **Skryf 'n storie oor jou gunsteling dier. Jou storie moet uit 10 sinne bestaan.**

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

10.2 **Skryf die storie van die Drie Varkies in jou eie woorde. Jy moet ten minste 8 tot 10 sinne skryf.**

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

10.3 **Beskryf die wolf in die storie oor die Drie Varkies. Skryf oor hoe hy gelyk het, wat hy eet, wat hy doen en waarvan hy hou. Jy moet 8 tot 10 sinne skryf.**

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....


.....

.....

.....

.....

10.4 Skryf 'n storie van ongeveer 10 sinne oor die prentjie van die baba olifantjie hieronder.



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

10.5 **Skryf 'n kortverhaal oor enige dier vir die klasbiblioteek. Teken 'n prent oor jou storie.**

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

11.1 **Kies die regte byvoeglike naamwoord. Omkring die letter met die regte antwoord.**

Ek het 'n ... leeu by die dieretuin gesien.

- A groot
- B grote
- C grootte
- D grot

11.2 **Onderstreep die regte bywoord in die onderstaande sinne.**

Die leeu eet smaaklik aan sy prooi.

Die olifant loop stadig.

11.3 **Omkring die werkwoord in die onderstaande sinne.**

Die apies speel in hulle hokke.

Die luiperd lê in die son.

11.4 **Pas die diere by hulle kleintjies.**

Kolom A	Kolom B
11.4.1 leeu	A. vul
11.4.2 perd	B. welpie

11.5 **Vul die regte selfstandige naamwoord in.**

'n sis wanneer j y te naby gaan.

'n brul wanneer hy kwaad is.

12.1 Skryf ten minste 10 sinne oor jou eie nuus.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

12.2 Skryf ten minste 10 sinne oor jou besoek by die tandarts.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

12.5 Skryf 10 sinne oor jou eerste dag in die graad 3-klas.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

13.1 Skryf die onderstaande sin oor. Maak gebruik van die korrekte leestekens.

het jy saterdag na thabo se partytjie gegaan

.....

13.2 Skryf die sin oor. Maak gebruik van die korrekte leestekens.

moenie lekkers koek aartappelskyfes en sjokolade eet nie

.....

13.3 Skryf 3 sinne (1 paragraaf) en gebruik die volgende leestekens: komma, hoofletters, uitroepteken, punt.

.....

.....

.....

.....

13.4 Kies die regte leesteken vir die onderstaande sit. Vul dan die leesteken in.

, . ? !

Sit gerus

.....

13.5 Korrigeer die leestekens in die onderstaande sin. Skryf dan die sin oor.

Tina jaag haar boetie Vuyo in die straat af ek gaan jou wen lag sy
terwyl sy omkyk. Die volgende oomblik hardloop Tina reg in 'n
spinnepopweb vas. Sy spring al skreeuende om. Dit is op my Haal dit
af

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

14.1 Kies die korrekte antwoord. Omkring die letter van die antwoord

Daar is vyf ... wat saam tee drink.

- A daames
- B dammes
- C dames
- D bames

14.2 Onderstreep die korrekte woord.

Sy het die werk in haar boek baie (onet/onnet) gedoen.

14.3 Kies die korrekte woord. Omkring die letter van die antwoord.

Daar is baie ... op die plaas.

- A skepe
- B skaap
- C skaape
- D skape

14.4 Pas die enkelvoud by die meervoud.

Kolom A	Kolom B
14.4.1 blaar	A. blare
14.4.2 middagete	B. middagetes

14.5 Kyk na die prentjie en vul die regte meervoudsvorm in.

Die meisies het pragtige
.....na die partytjie gedra.



15.1 Kies die korrekte antwoord. Omkring die letter van die antwoord.

Ek stap skool toe.

maar

Gister het ek skool toe

- A gery
- B gaan stap
- C gestap
- D stap

15.2 Skryf die sin oor. Begin met "Gister"

Hulle eet appels.

Gister

15.3 Skryf die paragraaf oor in die verlede tyd.

Ek en my hond stap in die straat af. Toe ons naby Mike die bakker kom, skree hy vir ons om te stop.

.....
.....
.....
.....
.....

15.4 Verander die sin na die toekomstige tyd. Begin met "Môre".

Ek borsel my tande.

.....

.....

15.5 Skryf enige twee sinne in die toekomstige tyd.

.....

.....

.....

.....